



Vrystaat Landbou
Free State Agriculture

Landelike Veiligheid verslag: Augustus 2021

Plaasaanvalle en -moorde: Julie en Augustus 2021

In Julie 2021 het daar 3 plaasaanvalle en 1 plaasmoord in die Vrystaat plaasgevind. Van die 3 aanvalle was 2 op plase gepleeg (in die Ficksburg area) en 1 op 'n kleinhoewe te Bloemspruit. Een (1) produsent was aangeval terwyl die ander 2 aanvalle gemik was teen persone wie op 'n plaas/kleinhoewe woonagtig is. In die plaasmoord was 'n werker noodlottig gewond en sy vrou 'n paar geskiet op 'n plaas in die Harrismith area.

Gedurende Augustus 2021 het daar 3 plaasaanvalle en 1 plaasmoord in die Vrystaat plaasgevind. In die plaasmoord is 'n opkomende boer en sy gesin vermoor op 'n plaas in die Harrismith area. In die 3 plaasaanvalle was 'n bestaansboer, 'n produsent en 'n vee-spekulant op plase in die Harrismith en Clocolan area aangeval.

Die hoë misdaad areas tov plaasaanvalle en -moorde in die Vrystaat word geïdentifiseer as Ficksburg en Harrismith. In dieselfde tydperk gedurende 2020 (Julie en Augustus) was daar 14 plaasaanvalle met geen moorde in die Vrystaat. Dit beteken dat daar 'n afname is van 75% in die getal plaasaanvalle tans te bespeur in die Vrystaat.

Wat verder ook gemeld moet word, is dat daar in Julie en Augustus 3 plaasaanvalle afgeweer is agv vinnige reaksie vanaf boere, hul gesinne en gemeenskappe. In die Tweespruit en Clocolan area het die boer alarm gemaak toe hy onraad bemerk het, die vinnige reaksie en mobilisasie van boere het daartoe bygedra dat 1 persoon gearresteer is. In die Heilbron area was vooraf inligting deur die Valke bekom aan die begin van Julie 2021 dat aanvallers beplan om 'n plaas aan te val. 'n Operasie was uitgevoer en 5 aanvallers was voortydig deur die polisie gearresteer.

Kwaadwillige saakbeskadiging (brandstigting) insidente 'n groot kommer in landelike gebiede:

VL se Landelike Veiligheidskomitee neem met sorg kennis dat in Julie 2021 daar 8 brandstigting insidente was wat tot groot veldbrande in die Vrystaat gelei het. Een persoon is in die Kroonstad area gearresteer en dit wil voorkom asof daar nie huidiglik 'n *prima facie* saak teen hom bestaan nie, ondersoek is uitstaande. VL wil weereens boerdery gemeenskappe daarop attent maak dat hul waar brande blyk gestig te wees, daar 'n mate van bewyslas beskikbaar moet wees ten einde 'n kriminele saak by die polisie aanhangig te maak. Die bewyslas sluit in ooggetuies, 'n klaer (A1 verklaring), waar moontlik foto/video materiaal, besit van aansteek/brandsteek materiaal, ketting verklarings wat verband hou met siviele arrestasies waar nodig. Indien sodanige inligting bekom word, kan 'n saak van Kwaadwillige saakbeskadiging by die polisie aanhangig gemaak word onder die Nasionale Veld en Bosbrand wet van 1998. Die hulp van die Brand Beskermings Vereniging wat oor ondersoekers beskik, kan ook ingeroep word. Die tyd van die jaar is daar 'n geneigdheid tot veldbrande en boerdery gemeenskappe word versoek om te verseker dat hul brandspuiter gereed is om brande in hul velde te bestry.

Agriculture.golf se gholfdag saam met VL, Velox Carriers, Opulentia finansiële dienste en Enslins Ouditeure: 2 September 2021

Opulentia Finansiële Dienste, Enslins ouditeure, Velox Carriers en Vrystaat Landbou (VL) het as vennote hande gevat om deur middel van *agriculture.golf* 'n gholfdag aan te bied. Die gholfdag sal plaasvind op 2 September 2021 by die Bloemfontein Gholfklub. Die doel van die dag was om fondse in te samel wat veiligheid van boerdery gemeenskappe in die Vrystaat veral tov opleiding kan bevorder. Die gholfdag gaan 'n jaarlikse instelling word. Fondse gaan aangewend word om instruksies op te lei dmv gestandaardiseerde en geakkrediteerde opleidings kursusse en materiaal beskikbaar te stel ten einde plaaslike boerdery gemeenskappe te bemagtig om eerstens na hul eie veiligheid om te sien.

Covid-19 sterftes hou 'n groter bedreiging vir 'n volhoubare landbousektor in as plaasmoorde in die Vrystaat

VL lede wat die afgelope 2 finansiële jare 2020-2022 (veral gedurende Junie tot Augustus) oorlede is, het met 90% toegeneem. In die 2020-2021 finansiële jaar het sterftes met 71.11% en in die 2021-2022 met 'n verdere 19.64% toegeneem. In die 2 finansiële jare, gedurende dieselfde tydperk, is 2 werkers en 'n opkomende boer in die Vrystaat vermoor.

Alhoewel daar nie getalle is itv hoeveel boere (nie net VL lede nie) oorlede is die afgelope 2 finansiële jare nie en maande nie, wil dit voorkom asof die 45 en 57 sterftes grotendeels aan die Covid19 pandemie toegeskryf kan word. Dit verteenwoordig 17% tot 35% van kansellاسies as lede by VL.

Die sterftesyfer het 'n definitiewe negatiewe impak op 'n veilige en volhoubare landbousektor en ook op voedselsekerheid. VL besef dat dit persone/individue se keuse is om ingeënt te word, maar versoek sy lede om ag te slaan op die groot getal sterftes onder sy lede moontlik agv die Covid19 pandemie. Dit wil voorkom asof die onsigbare monster groter skade aanrig aan families in boerdery gemeenskappe tans as wat plaasmoorde doen. VL versoek sy lede om veilig en gesond te probeer bly in die onseker en onwerklike tye.

Toetsing van Vodacom se “push-to-talk app/toep”

VL se Landelike Veiligheids komitee toets tans Vodacom se “Push-to-Talk” Toep/App wat op 'n laer frekwensie werk waar alarm en radio verbindings tussen groepe ingestel kan word. Die Toep word op 'n selfoon afgelaai en behels 'n eiesoortige lisensie. Indien die Toep goed werk, kan dit as 'n alternatiewe kommunikasie middel in landelike gebiede beskikbaar gestel word, om sodoende risiko's tov swak selfoon netwerke daar te stel. Die toetsing sal vir 'n maand plaasvind.